

31 Oktober

Klaagliedere 3:21-33

(Teks: 3:32)

God se liefde is groot

God se liefde is groot. So groot dat Hy sy eie Seun gestuur het sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore gaan nie maar die ewige lewe beërwe.

Die boek Klaagliedere is liedere van 'n volk wat kla. En die volk kla omdat dit met hulle baie swaar gaan. Hulle is in ballingskap weggevoer en verkeer in 'n krisis. Juis wanneer dit op sy swaarste gaan, sing die volk van God se groot liefde. Daarom kan hulle hoop dat dit beter met hulle sal gaan.

God se liefde is elke môre nuut. Daar is geen einde aan sy ontferming nie. Hy is goed vir hulle wat na sy wil vra. Ja, selfs in probleemsituasies sorg God vir sy kinders. Soos 'n egte muntstuk twee kante het om waarlik munt te kan wees, (kruis en munt), so gaan beproewinge en God se ontferming altyd saam (vers 32).

Ek weet verseker as dit met my sleg gaan, dat God Hom weer oor my sal ontferm. Want sy liefde vir my is groot. In Christus het God dit bewys. Christus nooi dan ook almal wat vermoeid en belas is om na Hom te kom - en Hy belowe rus en vrede. By Hom is ons volkome veilig.

Sing Skrifberyming 10:1 tot 6

Ds. W. Vogel (Welkom)